



ons bou brûe soos Jesus

12 Mei 2019
Dankbaarheidsmaand

VANDAG SE EREDIENSTE

NAGMAAL

Luk 9: 51-56 & Han 8: 4-25

Alles is genade; morsig én mooi.

8h30 Dave Viljoen

10h30 Dave Viljoen

18h30 Christi Thirion

Matt 14: 13—21

DEUROFFERS

KENRIDGE BOUFONDS

Hierdie geld word aangewend vir die Kenridge kerkgebou vir nuwe projekte, sowel as instandhouding

VRYDAGOGGEND CONNECT GROEP

As jy deel wil word van 'n groep vir dames, wat bymekaar kom op 'n Vrydagoggend terwyl die kinders by die skool is, skakel asb vir Michelle by die kerkkantoor.

KLEUTERKERK

KLEINSAAL—8h30

Wikkelwurms: God het water gemaak

Stapsoldaatjies: Elia en Baälprofete

Kleurkabouters: God sorg vir my

Groeigoggas: Kom ons doen Bybelstudie

KINDERKERK

God se groot Kunswerk— Jy is uniek

JEUGSAAL - 8h30

Graad 1

GROOTSAAL - 8h30

Graad 2—5

TIENERBEDIENING

KERK—9h30

Graad 6 en 7 — Adam en Eva

GROOTSAAL—18h30

Graad 8—10 - 'n Dankie-lewe is morsig-mooi

JEUGSAAL—18h30

Graad 11—Genadetekens—Nagmaal

'n Spesiale dankie aan almal wat gehelp het om die Stories van Hoop met Burre, Snorre en Appel, 'n groot sukses te maak. Dis was voorwaar 'n geslaagde aand!

NUWE INTREKKERS PARTYTJIE

Maandag, **13 Mei** @ 19h00 in die Kleinsaal.
Bevestig asb. met Michelle by
kantoor@ngkenridge.co.za.

WINTERMARK VANAF 22—31 MEI

Daar sal eetgoed, geskenke, klere, plante, ornamente en vele meer te koop wees. Die restaurant en teetuin gaan weer smaaklike eetgoed verkoop.

ZITHULELE UITREIK

Zithulele uitreik – hoe kan jy help?

1. Help ons om daar te kom:
Borg 'n tenk brandstof
2. Maak 'n bydrae tot die winterskool:
Skenk 'n nuwe wetenskaplike sakrekenaar
3. Help die herstelwerk aan die pastorie:
Borg 'n geut
Kontak gerus vir Melanie by
melanie@ngkenridge.co.za

MANNE-AAND—29 AUGUSTUS

Dit is Kenridge se 10e Manne-aand en dit gaan 'n baie spesiale viering wees erergaste sluit in Bakkies Botha, Victor Matfield en die Blitzbokke. Die gewone spit-braai spyskaart gaan aangevul word om dit 'n behoorlike karnivoor-fee te maak. Tafelbesprekings is nou oop by Liezl 021 913 4206 of bestuurder@ngkenridge.co.za. R5 000 vir 'n tafel van 8 of R650 vir 'n enkel/ekstra sitplek. EFT's in die kerk se rekening met verwysing "Manne" en jou naam en van.


SYMPHONY OF PRAYERS

Die Symphony of Prayers vind plaas op 6 Junie om 19h00 in die kerk as deel van Pinkster en is integraal deel van die Pinkster-reeks. Dit is in 'n klassieke styl en die uitvoering is deur internasionaal-erkende musikante en operasangers. Kaartjies is by Computicket te koop @R100. **100% van die winste word geskenk aan Maitland Gemeenskaps kerk om die kerkgebou te herbou.**

SEISOEN VAN LEER

'n Lewe in Oorvloed

Bestaan jy net, of leef jy werklik? Is Christenskap 'n godsdiens of 'n nuwe manier van dink, ervaar en leef? Is 'n lewe in oorvloed opsioneel? Kom reis saam met ons vir 4 weke om te ontdek hoe hierdie lewe in oorvloed lyk, hoe ons dit bou en hoe dit 'n totaal nuwe perspektief op die lewe gee. Kom ontdek wat die toelatingsvereistes vir die hemel werklik is, wat sonde is en hoekom dit nie 'n stel reëls is wat ons die "lekker" dinge in die lewe ontnem nie. Kom ontdek geloof wat jou vrymaak van die wêreld se laste. Neil van Rensburg, bied hierdie kursus aan. Vir meer inligting, kontak hom gerus, by Neil.vrens@gmail.com
Kursusdatum: Woensdagaande, 7 tot 28 Augustus, om 19h00.
Koste: R100 p/p



SEISOEN VAN LEER (VERVOLG)

Alpha Huwelikskursus

Hierdie kursus is geskik vir huweliksverryking, sowel as huweliksvoorbereiding.

Die **Alpha Huwelikskursus** is 'n ruimte wat geskep word waar 'n egpaar/voornemende egpaar vir sewe aande kan uitgaan op 'n "date" om saam te kuier en te gesels oor hulle verhouding. Jy en jou maat sal bedien word in 'n romantiese omgewing met 'n kerslig ete (5 van die 7 aande) by 'n tafel vir twee, terwyl julle luister na 'n spreker wat gesels oor die onderwerp van die aand. Tussen-in gesels julle twee oor die onderwerp en doen praktiese oefeninge soos aangedui deur die aanbieder.

Kursusdatum: Woensdagaande, 10 Julie tot 21 Augustus om 18h45

Koste: R 1 500 per paar

Kursusmateriaal, aanbiedings, 5 x aandetes, sekuriteit op terrein en opruiming ingesluit.

The World Needs a Father

Die kursus word vanjaar aangebied in die plek van Raising a Modern-day Knight (pa en seun kursus). The World Needs a Father is geskryf vir mans, veral pa's wat aan die hoof staan van 'n gesin. Onderwerpe soos outoriteit, identiteit, sekuriteit en geestelike bekragting binne Christenskap word aangespreek.

Kursusdatum: Woensdagaande, 10 Julie tot 28 Augustus om 18h45

Koste: R320 per person.

Koffie en verversings, kursusmateriaal, sekuriteit op terrein en opruiming ingesluit.

BrightStar Persoonlike en Leierskaps ontwikkeling

Kom verryk jou denke, skerp jou emosionele intelligensie op en mik vir uitnemendheid in jou daaglikse werk en wandel!

Hierdie praktiese program verryk lewens. Dit is vars en anders en die terugvoer is oorweldigend positief.

Liezl Byliefeldt, 'n BrightStar fasiliteerder, bied hierdie program aan as deel van Seisoen van Leer. Die drie modules sal oor 6 sessies hanteer word en spreek aspekte aan in jou verhouding met jouself, met ander asook jou rol as leier.

Kursusdatum: Woensdagaande, 10 Julie tot 21 Augustus (18h30-21h00)

Koste: R600 p/p

Koffie en verversings, kursusmateriaal, sekuriteit op terrein en opruiming ingesluit.

Nuwe Testament 6-weke uit Lukas

Die kursus oor die Lukas-evangelie sluit die volgende onderwerpe in;

Wie is Jesus en waarom het Hy gelewe,

Lewe met lyding...

Lewe vol hoop...

Lewe met ongelykheid...

Lewe vol genade...

Lewe van navolging...

Kursusdatum: Woensdagaande, 10 Julie tot 21 Augustus om 18h45

Koste: R240 per person.

Koffie en verversings, kursusmateriaal, sekuriteit op terrein en opruiming ingesluit.

Sluitingsdatum: 28 Junie

Kontak Karien by die kerkkantoor

om in te skryf,

ontvangs@ngkenridge.co.za

BEDIENING NA BUIE BEHOEFTE

Alle items wat hier gevra word, kan in die houe in die kerkportale geplaas word of gedurende die week by die kerkkantoor afgelaai word.

Maria Xinthi by Karl Bremer Hospitaal:

- inkleurboeke en -potlode
- "stickerboeke"
- aanroldeodorant
- wit badseep en waslappies
- tandeborsels en tandepasta

Zithulele uitreik:

- toffies en pakkies chips
- klein speelgoedjies soos gholf grootte balletjies, tennisballe, karretjies, poppies, kinderjuweliersware, en stickers

Hagar's Choice:

- benodig babaklere vanaf "prem" tot 1 jaar
- klere vir 'n seuntjie tussen 3 - 4 jaar.
- Speelgoed

Ruyterwacht broodblik-projek:

- gesnyde bruin brode

KENRIDGE GEBED 12 tot 19 MEI

bid vir die wêreld

- die kerk in Sirië met die uitdagings rondom terugkerende vlugteling

bid vir Suid-Afrika

dat die nuutverkose regering regverdig sal lei
dat gelowiges instrumente van hoop en versoening sal wees

bid vir ons kerk

- vir die Wes-Kaapse Sinode wat 13-17 Mei in sitting is

bid vir ons gemeente se bediening na buite

- voorbereidings vir Zithulele besoek bid asb vir almal wat saamgaan, dat die Here elkeen sal voorberei om Hom daar te ontmoet - ook vir al die logistieke reëlings
- Sobambisana: dankgebed vir die geleentheid om by Sobambisana betrokke te kan wees, om te kan help om 'n veilige hawe vir weerlose mense te kan skep
- Badisa Trio: bid vir hulle werksaamhede tydens kinderbeskermingsweek

bid vir ons gemeente

- Dankbaarheidsmaand - die preekreeks, kleingroepe, insameling van dankoffers dankie vir die vreugde van die saamkuier en seën by die Stories van Hoop aand
- mense wat swaarkry as gevolg van siekte en beproewing:
 - Lenie Byliefeldt in Villa Cortona - leukemie
 - Herman Bonthuys steeds in hospitaal
 - Jurie J van Rensburg - troos vir sy gesin en familie na sy afsterwe
 - Ruben van Rooyen (Gr 6) - genesing en genade vir elke dag vir hom en sy gesin



Snap here to pay

 SnapScan